GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

PROVINSIALE EKSAMEN

JUNIE 2017

GRAAD 11

EKONOMIE
VRAESTEL 1

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

13 bladsye

b.o.

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

PROVINSIALE EKSAMEN

EKONOMIE
(Vraestel 1)

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies versigtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord ENIGE TWEE van die DRIE vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE. In AFDELING B sal slegs die eerste TWEE nagesien word en in AFDELING C slegs die eerste EEN.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur en begin ELKE vraag op ’n NUWE bladsy.

6. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

7. Beantwoord die vrae in volsinne en die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde moet in ooreenstemming met die vereistes van die vrae wees.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Jy mag ’n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1 **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) van jou antwoord langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Ekonomies gemarginaliseerde groepe sluit in ...

A vroue en fisies gestremde persone.
B polisie en soldate.
C swart en wit mense.
D onderwysers en verpleegsters.

1.1.2 ’n Unieke kenmerk van hierdie produksiefaktor is dat dit vas is en nie verskyf kan word nie.

A Kapitaal
B Arbeid
C Land
D Entrepreneurskap

1.1.3 Die Suid-Afrikaanse arbeidsmag bestaan uit werkers tussen die ouderdomme van ... jaar.

A 15 – 48
B 21 – 50
C 15 – 64
D 21 – 60

1.1.4 Om basiese pryse na markpryse om te skakel, word belasting op produkte ...

A afgetrek.
B bygetel.
C vermenigvuldig.
D geïgnoreer.

1.1.5 Die begrotingsrede word in die parlement voorgelê deur die ...

A President.
B Minister van Handel en Nywerheid.
C Goewerneur van die SARB.
D Minister van Finansies.

1.1.6 BBP per kapita meet ekonomiese ... in 'n land.

A ontwikkeling
B groei
C gelykheid
D stabiliteit

1.1.7 Groot publieke korporasies of besighede wat deur die staat beheer of besit word is bekend as ...

A maatskappye.
B publieke maatskappye.
C private maatskappye.
D parastatale.

1.1.8 Die model wat die vloei van goedere en dienste asook die vloei van produksiefaktore aandui staan bekend as die ...

A ekonomiese siklus
B monotêre vloei
C kringloop-diagram
D sakesiklus (8x2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – H) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Sentraal beplande ekonomie	A	Hulpbronne soos minerale en grond
1.2.2	Kapitaalgoedere	B	BBP (I) @ basiese pryse
1.2.3	Nie-hernubare hulpbronne	C	C + I + G
1.2.4	Sluit belasting en subsidies op produksie in	D	Die staat besit al die produksiefaktore
1.2.5	SARB	E	Kommunikasie, vervoer en energie
1.2.6	Sekondêre sektor	F	Goedere wat gebruik word om ander goedere te produseer
1.2.7	BBB	G	Publiseer die BBP-syfers
1.2.8	Infrastruktuur	H	Proses om rou materiaal gronds-stowwe om te sit in finale produkte

(8x1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die vergoeding van werknemers, plus netto bedryfsurplus, plus vastekapitaalverbruik

1.3.2 Hierdie metode is die waarde van alle finale produksie van al drie sektore in die ekonomie.

1.3.3 Die waarde van alle finale produksiepryse wat deur verbruikers betaal word

1.3.4 Die geld wat deur verskeie staatsdepartemente bestee word op goedere en dienste om die gemeenskap te bevoordeel

1.3.5 Goedere wat nog nie gereed is om aan die finale verbruiker te verkoop te word nie

1.3.6 Die proses waardeur die staat privaatondernemings beheer en oorneem (6x1) (6)

TOTAAL AFDELING A: [30]

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE uit die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

VRAAG 2 MAKROEKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE kategorieë van natuurlike hulpbronne. (2x1) (2)

2.1.2 Hoe word BNI bereken? (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.

***[Sakenuus* / (aangepas), Maart 2015]**

2.2.1 Met watter ekonomiese stelsel word kapitalisme verbind? (1)

2.2.2 Bepreek kortliks die ekonomiese stelsel genoem in Vraag 2.2.1. (1x2) (2)

2.2.3 Verduidelik waarom Samuelson sê dat die markekonomie 'n "wonderlike ding" is. (1)

2.2.4 Verduidelik DRIE nadele van geen staatsinmenging. (3x2) (6)

2.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

GEKONSOLIDEERDE OWERHEIDSBESTEDING VOLGENS FUNKSIE				
R biljoen		***2014/15***	***2015/16***	***2016/17***
Basiese Onderwys		253.8	213.7	228.8
Gesondheid		145.7	159.4	168.4
Verdediging, openbare orde en veiligheid		163.6	171.5	181.5
Naskoolse onderwys en opleiding		253.8	64.2	68.7
Ekonomiese sake en landbou		50.0	213.0	238.4
Menslike nedersetting en munisipale infrastruktuur		235.7	178.2	182.6
Algemene openbare dienste		65.1	97.5	73.7
Sosiale beskerming		144.5	154.4	167.5
Geallokeerde besteding		**1 875.3**	**1 251.8**	**1 309.6**
Skuld-dienste koste		114.9	120.1	147.7
Gebeurlikheidsreserwes		3.0		6.0
Gekonsolideerde besteding		**1 252.3**	**1 380.9**	**1 463.3**

[Aangepas uit: *Nasionale Tesourie Begrotings Hoogtepunte*, Februarie 2016]

2.3.1 Identifiseer die beplande besteding op gesondheid in 2016 / 2017. (1)

2.3.2 Die gegewe totale owerheidsbesteding in 2016 / 2017 beloop 'n bedrag van R 1 463.3 biljoen. Bereken die persentasie van die begroting wat toegeken is aan basiese onderwys in dié jaar. (1x2) (2)

2.3.3 Die Minister van Finansies het in die 2016 Begroting gesê dat "personeelbesteding ingekort gaan word en besparingsmaatreëls versterk gaan word."
Voorsien bewyse om die Minister se stelling te ondersteun. (1x3) (3)

2.3.4 Noem die kategorie in die tabel wat die bedrag insluit wat gespandeer is op ouderdomspensioene. (1x2) (2)

2.3.5 Watter afleidings kan gedoen word omtrent die skuld-dienste koste? Gee 'n rede hiervoor. (1x2) (2)

2.4 Bespreek kortliks die doeltreffendheid in die lewering van sosiale dienste in Suid-Afrika. (2x4) (8)

2.5 Hoe word entrepreneurs vergoed vir hul bydra tot die ekonomie in Suid-Afrika? (2x4) (8)
[40]

VRAAG 3 MAKROEKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van sosiale dienste. (2x1) (2)

3.1.2 Waarom word die betaling vir invoere 'n lekkasie genoem? (1x2) (2)

3.2 Bestudeer die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg.

Is Suid-Afrika besig om in die regte rigting te beweeg om 'n vervaardigingsindustrie te word?

Suid-Afrika se vervaardigingsektor is neerslagtig, met 'n dalende bydrae tot die BBP (Bruto Binnelandse Produk) oor die afgelope twee dekades.

Erken as een van die top drie ekonomiese sektore in terme van waardetoevoeging, werkverskaffing, uitvoere verdienste en inkome wat uit elke R1 wat belê word verdien word, het vervaardiging die kapasiteit om enige ekonomie te laat piek. Hoe ook al, met globale mededingendheid aan die groei in ontluikende lande oor die afgelope jaar, was meer as 300 000 werksgeleenthede verloor aan ander lande vanaf 2008, met Shina se leeu-aandeel aan die bopunt.

Die Staat moet nuwe lewe in die vervaardigingsektor plaas, en daar moet aansienlik herfokus word deur die staat, privaatsektor en onderwys en 'n padkaart saamgestel word wat huidige tekortkominge aanspreek en mededingende voordele oorweeg wat Suid-Afrika se vervaardigingsplekke as een van die wêreld se grootste vervaardigingsmiddelpunt kan plaas.

[***Mail & Guardian,*** **Februarie 6 tot 12, 2015]**

3.2.1 Noem TWEE sektore wat waarde toevoeg tot die BBP in Suid-Afrika. (2x1) (2)

3.2.2 Verduidelik *internasionale mededingendheid*. (2)

3.2.3 Wat moet gedoen word om die vervaardigingsektor te "verbeter"? (2x2) (4)

3.2.4 Hoekom is die sekondêre sektor so belangrik vir 'n land se ekonomie? (1x2) (2)

3.3 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae wat volg:

BBP teen huidige pryse	2014 Rm
Landbou, bosbou en visserye	185 634
Mynbou en steengroewery	185 634
Vervaardiging	316 268
Elektrisiteit, gas en water	150 000
Konstruksie	300 000
Groot en kleinhandel	680 000
Vervoer, berging en kommunikasie	316 605
Finansies	732 000
Gemeenskaps- sosiale en persoonlike dienste	588 000
Primêre inkomste vanaf die res van die wêreld	82 235
Primêre inkomste aan die res van die wêreld	183 779
Belasting op produkte	404 939
Subsidies op produkte	12 972

[Aangepas uit: *SARB kwartaalblad*, September 2015]

3.3.1 Watter metode word in die bostaande tabel gebruik om die BBP te bereken? (1)

3.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n belasting op produkte. (1)

3.3.3 Bereken die bruto binnelandse produk teen markpryse. (Toon alle berekeninge) (4)

3.3.4 Waarom is daar so 'n groot verskil tussen primêre inkomste **vanaf** die res van die wêreld teenoor primêre inkomste **aan** die res van die wêreld? (2x2) (4)

3.4 Verduidelik die verskil tussen *geldkapitaal* en *reële kapitaal*. (2x4) (8)

3.5 Hoe het die sellulêre foon industrie gehelp dat die armes toegang tot kommunikasie kan verkry? (4x2) (8)

[40]

VRAAG 4 MAKROEKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE markte in die kringloopdiagram. (2x1) (2)

4.1.2 Waarom sal 'n besigheid 'n salaris of 'n loon aan 'n lid van 'n huishouding betaal? (1x2) (2)

4.2 Bestudeer die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg.

Produksie uitset en lone lei tot voorspoed

'n Toename in arbeidsproduktiwiteit lei tot meer werksgeleenthede, beter inkomste en aansienlike profyt. Ongelukkig groei Suid-Afrika se produktiwiteit baie stadig. In die afgelope paar jare het produktiwiteit gegroei van 1.3 % na 1.5 %.
Produktiwiteit meet hoe vinnig goedere en dienste geproduseer word binne 'n bepaalde tydperk. In baie industrieë in China, oorskry nominale lone die van Suid-Afrika.
Produktiwiteit, meer as BBP, is ons grootste sentrale ekonomiese probleem. Dit is onmoontlik vir ons om 'n ryk land te word tensy lone nie vinniger as inflasie groei nie, maar dis nie moontlik indien produktiwiteit nie toeneem nie.

'n Nasionale doelwit om produktiwiteit te verbeter, moet ingestel word. "Ons moet 'n ernstige en volgehoue gesprek voer oor hoe om die nalatenskap van apartheid te oorkom en te fokus op die mislukkings van ons huidige programme om vaardighede op groot skaal te ontwikkel.
Ons moet al hierdie dinge nou doen, voordat ons vermoë om te vertrou en saam te werk vergiftig word deur meer jare van slegte keuses wat lae produktiwiteit meebring.

Luke Jordan (PhD) in Ekonomie.

***[Mail & Guardian* (Business) September 24 tot Oktober 1, 2015]**

4.2.1 Watter produksiefaktor word verbind tot produktiwiteit? (1)

4.2.2 Wat is die vergoeding vir hierdie produksiefaktor genoem in Vraag 4.2.1? (1)

4.2.3 "'n Toename in arbeidsproduktiwiteit lei tot meer werksgeleenthede, beter inkomste en aansienlike winste." Watter impak sal dit op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê? (2x2) (4)

4.2.4 Waarom is dit onmoontlik vir Suid-Afrika om 'n ryk land te word? (1x2) (2)

4.2.5 Noem enige TWEE faktore wat die kwaliteit van 'n arbeidsmag bepaal. (2x1) (2)

4.3 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae wat volg.

Finale verbruiksbesteding deur huishoudings

Kategorie	1ste Kw	2de Kw	3de Kw	4de Kw
Duursame goedere	5.9	12.5	9.4	6.9
Semi-duursame goedere	7.6	8.5	7.1	3.1
Nie-duursame goedere	2.4	2.7	0.5	0.2
Dienste	0.1	-2.1	0.1	1.7
Totaal	**2.4**	**2.5**	**2.1**	**2.0**

[Bron: *Kwartaallikse Bulletin,* Maart 2015]

4.3.1 Wat is jou mening oor die persentasie van verbruikersbesteding in die 4de kwartaal, in vergelyking met die vorige kwartale? (1x2) (2)

4.3.2 Hoe bereken ons finale verbruikersbesteding? Verduidelik die komponente ten volle. (4x1) (4)

4.3.3 Waarom spandeer armer huishoudings die grootste gedeelte van hul inkomste op voedsel in vergelyking met ryker huishoudings? (1x2) (2)

4.3.4 Verduidelik hoe verbruik werksgeleenthede stimuleer. (1x2) (2)

4.4 Onderskei tussen *nominale lone* en *reële lone*. (2x4) (8)

4.5 Waarom is kapitaalgoedere en dienste belangrik vir produseerders van goedere en dienste? (4x2) (8)

[40]

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK. Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL	PUNTETOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Liggaam **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede / In-diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed / Analiseer / Vergelyk / Evalueer / onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer. **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken 'n grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Voorstelle	Maks. 26 Maks. 10
Slot / samevatting: Enige hoër-orde samevatting behoort die volgende te bevat: • 'n Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om enige genoemde feite te herhaal • Enige opinie of waardeskatting omtrent die bespreekte feit • Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / analise te versterk • 'n Weersprekende standpunt met motivering, indien vereis • Aanbevelings / voorstelle	Maks. 2
Totaal	**40**

VRAAG 5 **40 PUNTE – 40 MINUTE**

"As ’n ekonomiese hulpbron, omvat ’n land al die natuurlike hulpbronne wat gebruik kan word in die produksie van goedere en dienste."

- Bespreek die eienskappe en die belangrikheid van hierdie produksiefaktor. (26)

- Verduidelik kortliks wat die impak van die droogte op die primêre, sekondêre en tersiêre sektore van Suid-Afrika het. (10)

[40]

VRAAG 6 **40 PUNTE – 40 MINUTE**

"Suid-Afrika is een van baie lande in die wêreld met ’n gemengde ekonomie."

- Bespreek die kenmerke, voordele en nadele van ’n land met ’n gemengde ekonomiese stelsel. (26)

- Ontleed die probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar met te veel regeringsinmenging of betrokkenheid in die ekonomie. (10)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

TOTAAL: 150

EINDE